PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

8 Oktober 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie geluk Hoogland! 51 Jaar van groot genade!

Indien jy vanoggend 'n besoeker, 'n nuwe intrekker of - lidmaat is hier by Hoogland, vertrou ons dat vanoggend se diens ook vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter na afloop van die diens voor by die preekstoel.



Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Hoogland Verjaar - Ds Pieter Nel
GEEN GVG: hervat weer Sondag, 15 Oktober om 10:00

Deurkollekte: Radio Feba

Program vir die Week

Dinsdag: 10 Oktober
SKOLE OPEN
14:00 Vroue Bybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 11 Oktober
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 12 Oktober
10:30 Woord Werkgroep
18:00 Onderhoude met Finale Fase

Vrydag: 13 Oktober
05:15 Mannebediening

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Almal is welkom vir 'n lekker koffie & "*hot chocolate*" direk na die Erediens in die Voorhuis.
Onthou asseblief: Hoogland maak staat op u donasies.

Kan jy asseblief dalk help met een van die volgende items vir:

- Eluthandweni - 'n werkende STOOF met 4 plate en 'n oond
- Esther - 'n Selfoon wat in 'n werkende toestand is.
- Joseman - 'n Stoof en ook 'n televisie.

Gesels gerus met Leandra in die kerkkantoor as jy kan help met iets.

Nominasie vir die kerkraad

Nominasievorms vir die verkiesing van nuwe kerkraadslede is in die brosjure vakkies beskikbaar. Die vorms kan ook per e-pos aangevra word by info@pehoogland.co.za.

Handig asseblief die voltooide nominasievorms teen Maandag, 23 Oktober 2023 om 12:00, by die kerkkantoor in. Plaas dit ook gerus in die kollektebord, of e-pos dit na info@pehoogland.co.za.

Hoogland Noodspens

Getrou aan een van Hoogland se waardes het dit nodig geword dat ons aanpas rondom die Noodspens.

Die normale gebruik is om vir ten minste vyf gesinne weekliks te voorsien met 'n kospakkie en daar word met die kospakkie ook 'n liter sop bygegee wat baie waardeer word. Verder word daar, sover die noodspenskas dit toelaat, iets te ete gegee vir elkeen wat kom vra. Hiermee word voortgegaan.

Wat ons wel opmerk die afgelope tyd is mense wat elke dag kom aanklop vir iets te ete vir vandag. Dit noodsaak ons om nuut en vars te dink oor hoe in hierdie behoefte voorsien kan word. Om in hiedie behoeftes te voorsien, word u ondersteuning of donasies gevra:

- Blikkies "baked beans" of vis (verkieslik die self oopmaak tipe blikkies)
- Pakkies toebroodjies (4 snye per pakkie) met ten minste botter op, toegedraai in plastiek of 'n plastieksakkie. Dit kan hier gevries word en elke oggend uitgehaal word om te ontdooi. Dit kan dan saam met die bone of vis uitgegee word as 'n redelike maaltyd. Daar kan ook bv. polonie op die brood gesit word. Verkieslik nie tamatie nie, omdat dit die brood sag maak wanneer dit weer ontdooi word.
- Die "healthy soup mix" pakkies gaan ook weer uitgegee word om huis toe te neem. So 'n pakkie voed ten minste 4 persone per keer. Tans benodig ons hiervoor net vleisblokkies. Daar is nog genoeg lensies, sopmengsel en rys.

Skakel gerus die kerkkantoor (Annalize) indien jy meer inligting benodig.
Donasies kan Sondae by Gemeentedienste gelaat word of by die kantoor gedurende die week afgegee word.

Hoogland Gebedsaksie

Hierdie week bid Hoogland saam vir :

- Fees van Tabernakels in Israel waar Christene bymekaarkom
- "*Time 2Rise*" – byeenkoms in Bloemfontein waar God se kinders van regoor Suid-Afrika saamkom om te bid dat God weer Suid-Afrika terugneem.

Sluit ook aan by die Gebedsaksie WhatsApp groep as jy meer wil weet.
Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na: 079 815 9325

Uit die hart....

Hoogland verjaar!

Hoogland is gebore op 8 Oktober 1972 nadat sy van Walmer Gemeente afgestig het. Dit beteken dat Hoogland Sondag 51 jaar oud is.

Behalwe vir "Veels geluk liewe maatjie, omdat jy verjaar," koek, vreugde en glimlagte, is 'n verjaarsdag ook 'n dag van getuienis. 'n Verjaarsdag getuig van God se ontferminge, versorging, seën, liefde, voorsiening en voeg maar by. Dit is so stilhouplekkie in 'n jaar wat mens onwillekeurig dink oor die afgelope lewensjaar, jou lewenspad en 'n dag waarop mens bewus raak van die mense in jou lewe wie vir jou lief is.

'n Gemeente se verjaarsdag is dieselfde: hier is Hoogland nog 'n jaar ge-spaar en ek glo dit is omdat Hoogland geroep word vir geloof wat deur liefde tot dade oorgaan. In my verstaan van kerk-wees, is Hoogland as 'n geloofsgemeenskap en –familie nog hier, omdat God ons as kerk wil gebruik sodat Sy Koninkryk kan kom.

So 'n verjaarsdag, Hoogland se verjaarsdag, laat ons ook vorentoe kyk want God roep en stuur ons met 'n LIEFDEsDAAD: Liefde, Diensbaarheid, Aanvaarding, Aanpasbaarheid en Deursigtigheid.

Veels geluk, liewe Hoogland, omdat jy verjaar.

Mag die Here jou seën, Hoogland,

en nog baie jare spaar....

...Gevul deur die Gees van die Here, om sout te kan wees en dat die Lig van en vir die wêreld, deur ons sal skyn.

Ds Pieter